



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Vol. 617

18 November 2016
November

No. 40434

N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

ISSN 1682-5843



9 771682 584003

40434



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

IMPORTANT NOTICE:

THE GOVERNMENT PRINTING WORKS WILL NOT BE HELD RESPONSIBLE FOR ANY ERRORS THAT MIGHT OCCUR DUE TO THE SUBMISSION OF INCOMPLETE / INCORRECT / ILLEGIBLE COPY.

No FUTURE QUERIES WILL BE HANDLED IN CONNECTION WITH THE ABOVE.

Contents

<i>No.</i>		<i>Gazette No.</i>	<i>Page No.</i>
GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS			
Health, Department of/ Gesondheid, Departement van			
1426	Wet op Voedsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels (54/1972): Regulasies betreffende diverse voedingsbymiddels	40434	4


GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**DEPARTEMENT VAN GESONDHEID**

NO. 1426

18 NOVEMBER 2016

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID**WET OP VOEDINGSMIDDELS, SKOONHEIDSMIDDELS EN
ONTSMETTINGSMIDDELS, 1972****(WET NO 54 VAN 1972)****REGULASIES BETREFFENDE DIVERSE VOEDINGSBYMIDDELS**

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 15 (1) van die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet No. 54 van 1972), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, uitgevaardig.



**DR. A MOTSOLEDI, MP
MINISTER OF HEALTH**

DATUM: 28/10/2016

BYLAE**Woordomskrywing**

1. In hierdie regulasies het `n uitdrukking waaraan daar in "die Wet" `n betekenis geheg is, daardie betekenis, en tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken –

"voedselbymiddel" enige stof, ongeag die voedingkundige waarde daarvan, wat nie normaalweg as `n voedingsmiddel op sigself verbruik word nie en nie normaalweg as `n tipiese bestanddeel van die voedingmiddel gebruik word nie, wat opsetlik bygevoeg word by `n voedingsmiddel vir `n tegnologiese (insluitend organoleptiese) doel by die vervaardiging, prosessering, voorbereiding, behandeling, verpakking, pakketering, vervoer of berging van die voedingsmiddel, en wat daartoe lei, of wat redelikerwys, verwag kan word daartoe sal lei (regstreeks of onregstreeks), dat enige stof, of neweprodukte daarvan, `n komponent word van, of andersins die eienskappe beïnvloed van sodanige voedingsmiddels en uitgesonderd `n stof wat by voedingsmiddels gevoeg word om voedingkundige eienskappe te handhaaf of te verbeter, of enige besmettingstowwe of natriumchloried;

"Goeie Vervaardigingspraktyk" (GVP):

- (a) die hoeveelheid van `n voedseladditief sal beperk word tot die laagste moontlike vlak wat nodig is om die gewenste effek te bereik;
- (b) die hoeveelheid van `n voedseladditief wat `n komponent van die voedsel word as gevolg van die gebruik daarvan in die vervaardiging, prosessering of verpakking van `n voedsel, waarvan die bedoeling nie

is om enige fisiese of tegniese effek in die uiteindelijke voedsel te vervul nie, word beperk tot die laagste vlak wat prakties moontlik is; en,

(c) die additief moet van toepaslike voedselgraadkwaliteit wees en vervaardig en hanteer word op dieselfde wyse as 'n voedselbestanddeel;

“maksimum toelaatbare vlak” die maksimum hoeveelheid waarteen 'n diverse voedseladditief teenwoordig mag wees soos gestipuleer in die “General Standard for Food Additives” (GSFA) van die Codex Alimentarius Kommissie, tensy anders vermeld. Die vlakke verwys na gereed-om-te-eet produkte alleenlik tensy anders vermeld; en

“diverse voedseladditiewe” beteken enige voedseladditief wat gebruik word of gebruik kan word as 'n aansuringsmiddel, anti-koekmiddel, bleikmiddel, anti-koekmiddel, anti-skuimingsmiddel, bleikmiddel, verdikkingsmiddel, koolstofgewende middel, draer, kleurbeskeringsmiddel, emulgeermiddel, emulgeersout, verfermingsmiddel, geurversterker, meelverbeteringsmiddel, skuimingsmiddel, gelmiddel, glaseermiddel, aanklammingsmiddel, verpakkingsgas, dryfgas, rismiddel, sekwestreermiddel, stabiliseerder en verdikker.

Vereistes vir gebruik van diverse voedseladditiewe in voedsel

2. (1) Vir die doeleindes van afdeling 2(1) a) (i) van die Wet, in soverre toegepas word op voedingsmiddels, moet 'n diverse voedseladditief ten alle tye voldoen aan die toepaslike Spesifikasies vir Identiteit en Suiwerheid soos neergele deur die Codex Alimentarius Kommissie of in afwesigheid van sodanige spesifikasies, aan toepaslike spesifikasies soos neergele deur gesaghebbende nasionale of internasionale liggame. Wat

voedselveiligheid betref, moet die betrokke diverse voedseladditief voldoen aan algehele spesifikasie (nie slegs individuele kriteria nie) en moet dit tydens produksie, stoor, vervoer en hantering in ooreenstemming met GVP wees om aan voedselgraad kwaliteit te voldoen.

(2) Geen diverse voedseladditief of 'n voedsel wat 'n diverse voedseladditief bevat mag deur enige persoon te koop aangebied word, anders as 'n diverse voedseladditief of diverse voedseladditiewe waarna in die (GSFA) van die Codex Alimentarius Kommissie verwys word nie.

(3) Geen voedsel wat 'n diverse voedselbymiddel bevat, mag ingevoer, vervaardig of verkoop word as dit die maksimumvlak vir die diverse voedselbymiddel, met die notas in ag geneem, soos gespesifiseer in die "General Standard for Food Additives (GSFA) van die Codex Alimentarius Kommissie, oorskry nie.

(4) Die voedselkategoriebeskrywings soos in die Voedselkategorie-sisteem van die "General Standard for Food Additives" (GSFA) gestipuleer om voedseladditiefgebruik in hierdie regulasies aan te dui, het betrekking op alle voedingsmiddels; met die voorbehoud dat dit nie gebruik moet word as wettige produk kategorie beskrywings nie, en dit is ook nie aangedui vir etiketteringsdoeleindes nie.

(5) Diverse additiewe mag nie gebruik word in voedingsmiddels vir babas en jong kinders nie, insluitende voedingsmiddels bedoel vir babas en jong kinders wat nie goeie gesondheid geniet nie, tensy anders vermeld.

(6) Die voedseladditiewe soos veroorloof in hierdie regulasie sluit diverse voedseladditiewe in waarvoor voorsiening gemaak word in die Codex kommoditeitsstandaarde.

Herroeping

3. Hierdie regulasies vervang die volgende regulasies op die dag waarop hierdie regulasies van krag word:

- (a) Regulasies Betreffende Anti-Koekmiddels en die Hoeveelhede Daarvan wat in Voedingsmiddels Gebruik mag word Goevermentskennisgwing No. 2507 van 19 November 1982, soos gewysig deur Goevermentskennisgwing No. R. 2354 van 27 September 1991 en Goevermentskennisgwing No. R.3408 van 24 Desember 1992.
- (b) Regulasies Betreffende Sure, Basisse en Soute en Hoeveelhede Daarvan wat in Voedingsmiddels gebruik mag word Goevermentskennisgwing No. R. 115 van 24 Januarie 1986, soos gewysig deur Goevermentskennisgwing No. R. 1885 van 4 September 1987.
- (c) Regulasies Betreffende Emulgeermiddels, Stabiliseerders en Verdikkers en Hoeveelhede Daarvan wat in Voedingsmiddels gebruik mag word Goevermentskennisgwing No. R. 2527 van 13 November 1987; soos gewysig deur Goevermentskennisgwing No. R. 2555 van 25 Oktober 1991; Goevermentskennisgwing No. R 68 van 15 Januarie 1993, Goevermentskennisgwing No. R

1137 of 1 July 1994 and Goevermentskennisgwing No. R. 1145 of 04 August 1995.

- (d) Regulasies betreffende die gebruik van Sekere Voedseladditiewe in Sekere Koring- en Rogprodukte, Goevermentskennisgwing No. R. 2417 van 30 Oktober 1987 soos gewysig deur Goevermentskennisgwing No. R. 1144 van 4 Augustus 1995.
- (e) Regulasies Betreffende Bakpoeier en Chemiese Rysmiddels Goevermentskennisgwing No. R. 2486 van 26 October 1990 soos gewysig deur Goevermentskennisgwing No. R 123 van 25 January 1991.
- (f) Regulasies – Konfyt, Konserf, Marmelade en Jellie Notice Goevermentskennisgwing No. R. 2627 van 12 Desember 1986 soos gewysig deur Goevermentskennisgwing No. R. 2056 van 31 Augustus 1990.
- (g) Regulasies Betreffende die Additiewe en Hoevellhede, asook die Toleransies, vir Sekere Stowwe in Wyn, Ander Gegiste Drank en Spiritualieë, Goevermentskennisgwing No. 2870 van Desember 1981 soos gewysig deur Goevermentskennisgwing No. R. 2171 van 28 September 1984.

Inwerkingtreding

4. (1) Hierdie regulasies tree op `n datum 12 maande na die datum van publikasie hiervan.

(2) Voedsel vervaardig voor of na die datum van inwerkingtreding van die Regulasies onderworpe aan die vereistes van sub-regulasie (1), word vrygeskeld van die vereistes van die Regulasies.

WARNING!!!

To all suppliers and potential suppliers of goods to the Government Printing Works

The Government Printing Works would like to warn members of the public against an organised syndicate(s) scamming unsuspecting members of the public and claiming to act on behalf of the Government Printing Works.

One of the ways in which the syndicate operates is by requesting quotations for various goods and services on a quotation form with the logo of the Government Printing Works. Once the official order is placed the syndicate requesting upfront payment before delivery will take place. Once the upfront payment is done the syndicate do not deliver the goods and service provider then expect payment from Government Printing Works.

Government Printing Works condemns such illegal activities and encourages service providers to confirm the legitimacy of purchase orders with GPW SCM, prior to processing and delivery of goods.

To confirm the legitimacy of purchase orders, please contact:

Renny Chetty (012) 748-6375 (Renny.Chetty@gpw.gov.za),

Anna-Marie du Toit (012) 748-6292 (Anna-Marie.DuToit@gpw.gov.za) and

Siraj Rizvi (012) 748-6380 (Siraj.Rizvi@gpw.gov.za)

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065